*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 11 Junie 2021*

***"I have only one superstition. I touch all bases when I hit a home run" Babe Ruth***

## DIE FILIPPYNE

Die mark is nie oop voordat die eerste vrugte nie gegaan het nie - en hierdie week het ons gesien hoe die eerste vrugte bestem vir die Filippyne, by FPT Durban geïnspekteer is. Dit was gepas dat ambassadeur Martin Slabber daar was om te sien hoe die eerste vrugte vir uitvoer gereed is, want hy het 'n leidende rol as die Suid-Afrikaanse ambassadeur in die Filippyne gespeel in ontmoetings met "The Philippines Bureau of Plant and Industry (BPI)", kleinhandelaars en invoerders, en het verteenwoordigers van die vrugtebedryf na die Handelskoue en markte in Manila vergesel.

Dr Mono Mashaba het vanaf 2014 elke jaar 'n afvaardiging van Fruit South Africa na Manila gelei totdat internasionale reise in 2020 deur COVID gekortwiek is. Hierdie volharding het uiteindelik vrugte afgewerp.

Die pad van toegang is deur Departement Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) en Citrus Research International (CRI) geopen. Volgens Dr Vaughan Hattingh van CRI was daar gedurende die twaalf jaar, 32 amptelike tegniese uitruilings tussen die twee lande om die protokol af te handel. Dit was gepas dat Mnr Ramasodi (DALRRD) en Dr Carstens (CRI) tydens die laaste besoek aan die Filippyne in 2019 die afvaardiging van Fruit South Africa vergesel het en ons oor die eindstreep gekry het.

Die Fresh Produce Exporters Forum - met Anton Kruger as deel van die Fruit SA-afvaardiging - het kunswerke en al die nodige reëlings vir die AgriLink Handelskou verskaf - waar Suid-Afrikaners hul verbintenis tot die Filippynse-mark getoon het (die enigste buitelandse uitstaller op die skou).

Die besoeke van Fruit SA aan die Filippyne het ook pret gehad - van die Jeepneys wat openbare vervoer bied tot die eilandstyl, die jong, lewendige bevolking maak dit 'n opwindende plek. Suid-Afrikaanse sitrus sal nou bydra tot hul vermoë om die lewe ten volle te geniet. Alhoewel die uitvoervolumes waarskynlik beskeie sal wees soos ons die mark toets en die vraag na Suid-Afrikaanse sitrus ontwikkel, is die doel om tot 20 000 ton na die Filippyne uit te voer - dit sal broodnodige werksgeleenthede in Suid-Afrika verseker en tot verdere buitelandse valuta verdienstes lei. 'n Laaste dankie aan Unifrutti en FPT Groep vir die geleentheid om die onvergeetlike gebeurtenis aan die media ten toon te stel.

## GLOBALE SITRUSKONGRES

"Save the Date": 16/17 November 2021 vir die tweede World Citrus Organization / Fruitnet Media International uitgawe van die Globale Sitruskongres. Hierdie jaar se kongres word oor twee dae regstreeks vanaf Londen, Los Angeles en Melbourne "gestream", sodat kykers hul beste tyd kan kies om regstreeks deel te neem of op aanvraag te kan kyk. Hou hierdie spasie dop terwyl ons die program ontwikkel.

## SITRUS STATISTIEK BOEKIE 2021

Die 2021 Jaarlikse Sitrus Statistiek Boekie is nou in elektroniese formaat beskikbaar en eksemplare sal gedruk word en binne die volgende week aan CGA-lede versprei word. Stuur 'n e-pos aan die CGA-navorsingsekonoom, Portia Magwaza, portia@cga.co.za, as u 'n kopie van die elektroniese weergawe verlang.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 22 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's | 9.8 m | 9.6 m | 11.9 m | 6.9 m | 8.8 m | 18 m | 16.8 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 5.6 m | 7.8 m | 10.9 m | 5 m | 5.8 m | 30.5 m | 29.5 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 9.3 m | 15.9 m | 14.7 m | 12.8 m | 12.5 m | 30.2 m | 30.2 m | 29.6 m |
| Nawels | 5.2 m | 7.1 m | 7.4 m | 3.1 m | 3.6 m | 26.3 m | 26.1 m | 26.2 m |
| Valencias | 0.4 m | 0.5 m | 0.8 m | 0.1m | 0.3 m | 58 m | 57.6 m | 55.1 m |
| **Totaal** | **30.3 m** | **40.9 m** | **45.7 m** | **27.9 m** | **31 m** | **163 m** | **160.2 m** | **150 m** |